***UIT DIE PEN VAN DIE CEO (21/25)***

*Boitshoko Ntshabele, 23 Mei 2025*

***"Wisdom is knowing what to do next, skill is knowing how to do it, virtue is doing it." David Starr Gordon***

## VSA HANDELS-ONDERHANDELINGE BIED GELEENTHEDE

Die Suid-Afrikaanse span, onder leiding van President Ramaphosa, het die afgelope paar dae in die Verenigde State deurgebring om betrekkinge tussen die twee lande te probeer herstel, en om ernstige tariefkwessies op te los. Die ontmoeting in die "oval office" was om baie redes 'n belangrike oomblik. Vir my het dit twee belangrike onderwerpe uitgelig: 'n oomblik van potensiële vernuwing en geleentheid in globale handel, asook die behoefte vir oplossings vir Suid-Afrika se ernstige landelike misdaadprobleem. Op die handelsfront bly die CGA hoopvol dat die spanne aan beide kante mekaar kan vind. 'n Handelsooreenkoms wat beide SA landbou en die Amerikaanse mark bevoordeel, is heeltemal haalbaar. Die onderhandelinge met die Amerikaanse administrasie kan Suid-Afrika op 'n sterker voet plaas rakende die totstandkoming van 'n vryhandelsooreenkoms. Die tarief-onrus, alhoewel dit ontstellend is, moet nie bloot as 'n bedreiging beskou word nie. In plaas daarvan bied dit 'n kragtige, miskien agterstallige, katalisator vir regerings wêreldwyd om hul handelstrategieë te herevalueer - spesifiek met 'n hernieude fokus op vinniger omkeertye in die vestiging van handelstransaksies, en ook 'n hernude fokus op die waarde van gediversifiseerde markte. Diversifikasie kan risiko verminder. SA behoort met spoed en erns beide tarief- en nie-tarief hindernisse aan te spreek om wyer marktoegang met vennote in BRICS en verder as dit te verkry, alles om 'n meer gebalanseerde handelsportefeulje te verseker. China en Indië het aangedui dat hulle bereid is om met SA te vergader. Met 'n geprojekteerde toename in produksie, moet SA elke mark behou en laat groei, en 'n paar nuwes byvoeg. Alle markte vereis aandag – of dit die huidige 4% tot 6% is wat ons na die VSA uitvoer, en of dit die huidige 36% is wat ons na die Europese Unie uitvoer. SA is in 'n Wêreldhandelsorganisasie dispuutbeslegtingsproses met die EU oor hul onwetenskaplike maatreëls vir VKM en CBS. Die EU is die topbestemming vir Suid-Afrikaanse sitrus, wat daardie mark besonder belangrik maak om te behou, vandaar die besteding van R3,7 miljard jaarliks deur produsente om te verseker dat aan hierdie onnodige vereistes voldoen word. Die beswarende EU-vereistes is 'n ernstige nie-tarief hindernis wat aangespreek moet word. Op 'n langtermyn basis sal dit winsgewendheid in hierdie mark laat daal. Produsente soek marktoegang om te verseker dat die bedryf floreer en sy groeidoelwitte bereik wat in *Vision* 260 vasgelê is. Dit sal werkloosheid in baie landelike gemeenskappe aansienlik teëwerk. Hierdie gemeenskappe sukkel ook weens onaanvaarbare hoë vlakke van misdaad. Misdaad raak alle gemeenskappe. Sonder veiligheid en sekuriteit kan ons boere en plaaswerkers nie ten volle tot ekonomiese groei en werkskepping bydra nie. Landelike misdaad is weer in die vergadering in die "oval office" uitgelig. Hopelik sal dit 'n opwindende oomblik word wat tot verbeterde veiligheid in landelike gemeenskappe sal lei.

### OPDATERING: TRANSNET LOON-ONDERHANDELINGS (deur Mitchell Brooke)

Gedurende FY2022/23 het Transnet 'n 3-jaar loon-ooreenkoms onderteken met bedingingseenheid werknemers verbonde aan vakbonde SATAWU en UNTU wat op 31 Maart 2025 eindig. Dit is gefinaliseer na ongeveer drie weke se staking deur werknemers. Tans is loon-onderhandelinge aan die gang vir FY2025/26 en daarna. Vir hierdie doel het SATAWU op 27 Maart 2025 'n loon-ooreenkoms namens geaffilieerde bedingingseenheid werknemers onderteken. UNTU het nog nie 'n loon-ooreenkoms met Transnet onderteken nie. 'n Rekonsiliasieproses is toe deur die KVBA geregistreer. Die jongste bemiddelingsronde deur die KVBA is onafhanklik met Transnet en UNTU op 20 Mei 2025 belê. Die KVBA sal op 10 Junie 2025 verdere samesprekings met beide partye belê. Kommunikasie sal onmiddellik volg na die vrystelling van die uitslag van hierdie bemiddeling.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Einde van Week 20 Miljoen 15 kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike skatting | Nuutste voorspelling | Finaal gepak | *Vision* 260 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| BRON: PPECB/AGRIHUB | 2023 | 2024 | 2025 | 2024 | 2025 | 2025 | 2025 | 2024 | 2025 |
| Pomelo's | 7.3 m | 7.6 m | 7.7 m | 5.0 m | 6.3 m | 15.3 m | 15.1 m | 14.4 m | 16.8 m |
| Suurlemoene | 15.0 m | 13.8 m | 14.4 m | 9.5 m | 12.8 m | 32.9 m | 33.2 m | 34.7 m | 41.5 m |
| Mandaryne | 7.2 m | 8.0 m | 7.0 m | 4.8 m | 5.1 m | 44.9 m | 44.9 m | 41.6 m | 43.9 m |
| Nawels | 2.2 m | 2.4 m | 1.5 m | 0.5 m | 0.7 m | 26.1 m | 26.1 m | 25.1 m | 21.7 m |
| Valencias | - | - | - | - | - | 52.0 m | 52.0 m | 48.8 m | 58.0 m |
| Totaal | 31.7 m | 31.8 m | 30.6 m | 19.8 m | 24.9 m | 171.1m | 171.3 m | 164.6 m | 181.9 m |